HOËRSKOOL ELSPARK

WAAIBOOMSTRAAT, ELSPARK, 1428
POSBUS 12001, ELSPARK, 1418
kantoor@hselspark.co.za
☎ 011 893 2013/4
🖷 011 893 3879
www.hselspark.co.za

14 September 2021

Geagte Graad 12 Ouer/Voog

Matriekafskeidnuus

- Nadat die President Sondag aangekondig het dat ons nou 250 persone per venue kan toelaat, is dit weer moontlik om voort te gaan met die Matriekafskeid.
- Die oorspronklike datum van 30 September is gekanselleer vir drie redes:
  1. Onsekerheid of die inperking regulasies verslap sou word
  2. Die Voorbereidende Eksamenrooster wat gewysig is sodat die Geografie vraestel nou op 1 Oktober geskryf word.
  3. Betalings van die R650.00 per leerder het nie ingekom soos dit moet nie - gedeeltelik as gevolg van onsekerheid wat deur punte 1 en 2 hierbo veroorsaak is. (Die sluitingsdatum vir betalings word nou aangeskuif na 1 Oktober.)
- Na ‘n vergadering met al die matrieks gister is besluit dat die enigste datum wat beide die matrieks asook Riverside Country Estate pas, die 21ste Oktober is.
- Die matrieks het daarna geen vraestelle tot 1 November nie.
- Die plekbespreking by Riverside Country Estate kan aangeskuif word na 21 Oktober sonder benadeling van die deposito.
- Alle matrieks wat nog wil bywoon moet Mnr. R Erasmus voor die einde van die week sien om reëlings te tref vir betaling. Die finale datum waarop almal se R650.00 klaar betaal moet wees, is 1 Oktober.
- Ons sien uit om so veel moontlik van ons matrieks daar te hê.

Groete,

J.H. van Niekerk
Skoolhoof